



Welkom by die Bloedrivier Geloftefees van 2015!

Die Bloedrivier Geloftefees-Herdenkingskomitee heet u hartlik welkom op die erfenisterrein.



In belang van die instandhouding van hierdie kultuur erfenis en die bewaring daarvan vir die Boervolk se nageslag, word u vriendelik versoek om aan te sluit as Vriend van Bloedrivier.— Ons het u daadwerklike steun nodig!

Lewenslange lidmaatskap R 2 000-00

OF

Jaarliks R 200-00.

bemarking@voortrekkermon.org.za
(012-3266770)

INHOUD

Program vir 12-16 Desember	<i>Bladsy 2</i>
Wasbank plegtigheid 13 Desember	<i>Bladsy 3</i>
Geskiedenis oorsig	<i>Bladsy 4</i>
Die Gelofte	<i>Bladsy 6</i>
Liedere	<i>Bladsy 7 - 11</i>

BELANGRIKE KENNISGEWING:

Deur u betreding van die Bloedrivier Erfenisterrein, erken u en onderwerp u uself aan die reëls en regulasies, (asook ten opsigte van toegangsbeheer) van die Bloedrivier Geloftefees-Herdenkingskomitee en die Voortrekkermonument.

Feesprogram 2015

- Des 11 - 14:** * Kampeeders trek laer – slaan tente op, kuier gesellig en ontspan
* DVD - vertonings en Jukskei (daagliks)
- Des 12:** * Uitklim van Vegkop en besigtiging van terrein vanuit die hoogte
(Saterdag)
- Des 13:** * (10:00) Kranslegging by Wasbankmonument
(Sondag) * (Piekniek op die oewer van die Wasbankrivier na die verrigtinge)
- Des 14:** * Oggend - Perdekommando vertrek vanaf De Jagersdrif
(Maandag) * Middag - Aankoms van perdekommando op feesterrein
- Des 15:** * Oggend - Boeresport, kleios kompetisie, skyfskiet
(Dinsdag) (windbuks & kettie), perdry, toutrek
* Middag - Perdesport, swem, jukskei
* Aand - Fakkelloop na walaer en herbevestiging van Die Geloofte
Opskop in die feessaal & kuier om die braaivleisvure
- Des 16:** * **06:00** Oggendstond biduur (in walaer)
(Woensdag) * **09:00** Vlagvoorstelling – (geskiedkundige vlae) deur perdekommando (in walaer)
* **09:00** Herbevestiging van Die Geloofte en kranslegging (in walaer)
* **10:00** Geloftefees diens : Ds Danie Steyn (in eeufees saal)
* Gasspreker na die diens: Ds Hennie Prinsloo
* * * * *
* **12:00** Piekniek of braai saam op terrein (kole word voorsien)

DIE STEM

1. Uit die blou van onse hemel,
uit die diepte van ons see.
Oor ons ewige gebergtes,
waar die kranse antwoord gee!
Deur ons ver verlate vlaktes,
met die kreun van ossewa.
Ruis die stem van ons geliefde
van ons land Suid-Afrika!
Ons sal antwoord op jou roep-
stem
ons sal offer wat jy vra;
ons sal lewe, ons sal sterwe
Ons vir jou Suid-Afrika!
2. In die merg van ons gebeente.
In ons hart en siel en gees.
In ons roem op ons verlede.
In ons hoop op wat sal wees.
In ons wil en werk en wandel.
Van ons wieg tot aan ons graf.
Deel geen ander land ons liefde
Trek geen ander trou ons af.
Vaderland! Ons sal die adel.
Van jou naam met ere dra:
Waar en trou as Afrikaners
Kinders van Suid-Afrika!
3. In die songloed van ons somer
In ons winter nag se kou.
In die lente van ons liefde.
In die lanfer van ons rou.
By die klink van huw'liks-klokkies.
By die kluitklap op die kis.
Streel jou stem ons nooit verniet nie.
Weet jy waar jou kinders is.
Op jou roep sê ons nooit nee nie.
Sê ons altyd, altyd ja:
Om te lewe, om te sterwe
Ja ons kom, Suid-Afrika
4. Op U almag vas vertrouend,
het ons vadere gebou.
Skenk ook ons die krag o HERE,
om te handhaaf en te hou!
Dat die erwe van ons vaad're
vir ons kinders erwe bly.
Knegte van die Allerhoogste
teen die hele wêreld vry!
Soos ons vadere vertrou het
leer ook ons vertrou o HEER.
Met ons land en met ons nasie
sal dit wel wees, God regeer!



DIE LIED VAN JONG SUID-AFRIKA

- 1 En hoor jy die magtige dreuning?
Oor die veld kom dit wyd gesweef:
die lied van 'n volk se ontwaking
wat harte laat sidder en beef.
Van Kaapland tot bo in die Noorde
rys daverend luid die akkoorde:
Dit is die LIED van Jong Suid-Afrika,
dit is die LIED van Jong Suid-Afrika,
dit is die LIED (dit is die LIED)
van Jong Suid-Afrika.

- 2 Die klop van die Voortrekkerwiel
het die eeue se rus verstoer;
die klank van die voorlaaierskote
het kloue en kranse gehoor.
Die diere het stil staan en luister,
die bome het bewend gefluister:
Dit is die KOMS van Jong Suid-Afrika,
dit is die KOMS van Jong Suid-Afrika,

Dit is die KOMS (dit is die KOMS)
van Jong Suid-Afrika.

WASBANK MONUMENT KRANSLEGGING PLEGTIGHEID

13 DESEMBER 2015 – Verrigtinge begin om 10:00

Verwelkoming – Frans Schutte

Skriflesing en gebed – Renier Eicker

Missie en ontstaan van die monument – Boetman Duminy

Kranslegging – Mev. Rina van Vuuren

Herbevestiging van Die Gelofte

Afsluiting – Die Stem van Suid-Afrika (strofes 1 & 4)

(Bring 'n piekniekmandjie saam!!—indien die weer dit toelaat gaan ons na
afloop van die verrigtinge onder die bome op die oewer van die Was-
bankrivier piekniek hou)



DIE SLAG VAN BLOEDRIVIER

'N KORT GESKIEDENIS

Baie Voortrekkers wat in die vroeë en middel 19de eeu die Britsbeheerde Kaapkolonie verlaat het om hul eie regering in die binneland te vestig, het Natal as bestemming gekies. Hulle leier, Piet Retief het grondonderhandelinge met die Zulukoning Dingane aangeknoop, maar op 6 Februarie 1838 is Retief en sy hele geselskap op bevel van koning Dingane by sy hoofstad, Mgungundlovu, vermoor. Tydens opvolgaanvalle deur die Zulumagte sterf honderde Voortrekkers en hulle bediendes by Weenen en Bloukrans.

Andries Pretorius het in November 1838 in Natal aangekom as nuwe leier. Met 'n kommando van ongeveer 464 Voortrekkers en 64 waens het Pretorius teen Dingane opgetrek. Vanaf 9 Desember tot die aand van 15 Desember 1838 het die Voortrekkers 'n gelofte afgelê, waarvolgens hulle onderneem het dat as God hulle 'n oorwinning oor die Zulumag gee, hulle die oorwinningsdag as 'n Sabbat sou gedenk en 'n kerk in Sy naam sou oprig.

Die laer is op 'n strategiese plek op die oewer van die Ncome-rivier getrek. Die aanval deur ongeveer 15,000 tot 20,000 Zulus het op Sondag, 16 Desember 1838 plaasgevind. Die Zulumag kon egter nie daarin slaag om die laer te oorweldig nie en het begin terugval. Hierop het Pretorius dadelik 'n berede mag uitgestuur.

Baie Zulukrygers is gedood terwyl hulle die rivier probeer oorsteek het - vandaar die benaming Bloedrivier. Na beraming het ongeveer 3,000 Zulukrygers omgekom. Slegs drie Voortrekkers, waaronder Pretorius self, is gewond.

'n Paar dae later het Pretorius en sy kommando Mgungundlovu verlate en afgebrand aangetref. Op die koppie Kwa Matiwane daar naby het die Trekkers die oorskot van Piet Retief en sy manskappe gevind. In Retief se bladsak was die traktaat wat hy en die Zulukoning onderteken het. Hiervolgens het Dingane amptelik 'n sekere stuk Natalse grondgebied aan die Voortrekkers oorgedra.

Geloftediens 16 Desember 2015 (Eeufeessaal)


Psalm 102: 1, 2, 3, 4 & 5

- 1 O God van Jacob, deur u hand
word steeds u volk gevoed;
U het weleer op see en land
ons vadere behoed.
- 2 Ons dank- en smeekgebede gaan
tot u genadetroon;
wil ons en ook ons kroos voortaan
u guns en trou betoon!
- 3 Berei vir ons die lewenspad -
wil deur u Gees ons lei;
en as ons val, o Vader, vat
ons hand en staan ons by
- 4 Bewaar ons, HEER, in alle nood;
hou oor ons lewe wag.
Wil kleding skenk, gee daagliks brood —
ons deel vir elke dag.
- 5 Beskikker van ons deel en lot
in voor- en teëspoed,
U is ons Vader en ons God —
net U is waarlik goed.

Geloftediens 16 Desember 2015 (Eeufeessaal)

Ps. 38:1, 2 & 3

- 1 Straf tog nie in ongenade
my misdade,
HEER, verdra my met geduld.
Wil tog nie in toorn ontsteek nie
en U wreek nie
op my sonde en sondeskuld.
- 2 In my dring u strafgerigte,
HEER, soos skigte
wat my hart deurboor soos staal.
Ja, die hand wat hul gedryf het
In my lyf, het
Self ook op my neergedaal.
3. Niks is aan my sonder wond nie,
niks gesond nie,
om u grimmigheid, o HEER!
Om my ongeregthede
is geen vrede
in my wese immermeer.



Afskrif van
die traktaat
wat tussen
Dingaan
en Retief
gesluit is



Ondertekening van Traktaat tussen Dingaan en Retief
(Fresko van Italiaanse marmar, Voortrekkermonument)

Die Gelofte

"Hier staan ons voor die heilige GOD van hemel en aarde om 'n gelofte aan Hom te doen dat as Hy ons sal beskerm en ons vyand in ons hand sal gee, ons die dag en datum elke jaar as 'n dankdag soos 'n Sabbat sal deurbring, en dat ons 'n huis tot Sy eer sal oprig waar dit Hom behaag, en dat ons ook aan ons kinders sal sê dat hulle met ons daarin moet deel tot nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte want die eer van Sy naam sal verheerlik word deur die roem en die eer van oorwinning aan Hom te gee."



Oorspronklike Nederlandse weergawe:

"Mijne broeders en medelandgenoten, hier staan wij tans op een ogenblik voor een Heilige God van hemel en aarde om een Belofte aan Hem te beloven, als Hij met Zijn bescherming met ons sal wezen, en onze vijand in onze handen zal geven dat wij Hem overwinnen, dat wij die dag en datum elke jaar zoals een Sabbat in Zijn eer zullen doorbrengen, en dat wij een tempel tot Zijn eer stichten zullen waar het Hem zou behagen, en dat wij het ook aan onzen kinderen zullen zeggen dat zij met ons erin moeten delen tot gedachtenis ook voor onze opkomende geslachten. Want de ere van Zijn Naam daardoor zal verheerlijkt worden, dat de roem en eer van overwinning aan Hem sal worden gegeven."

Kranslegging plegtigheid by Wasbank monument

PSALM 42 : 1, 4 & 5

- 1 Soos 'n hert in dorre streke skreeuend dors na die genot van die helder water beke, skreeu my siel na U, O God! Ja, my siel dors na die HEER, na die Lewensbron; wanneer sal'k, ná swerf-tog en benouing, God weer sien in kla-re aanskouing?
- 4 'k Dink aan God in donker dae uit die land van die Jordaan; Hermon hoor my kerme en klae, met die klein gebergte, aan. Weedom gryp my binnenste aan, as u waters oor my gaan, as ek, in my smart bedolwe, wegsink in u watergolwe.
- 5 Maar die HEER sal in my lewe weer oordag sy guns gebied. Ook deur donker nag omgewe, sing ek nog my pelgrimslied. Ja, ek lofsing in die nag, want ek bly die HEER verwag; my gebed sal opwaarts strewe na die bronwel van my lewe.